Oordenking
15 Julie 2009

Wag op die Here

Toe ons Saterdag in Jeffreysbaai aankom, was die dorp baie besig. Al was die see spieëlglad, was daar oral branderplankryers te sien. Die gastehuis vir branderplankryers oorkant die straat was 'n miernes van bedrywighede. Daar was gedurig 'n partytjie aan die gang om die tyd om te kry, want hulle het gewag dat Jeffreys se beroemde branders moet terugkeer. Ek het eers Sondagaand oor die nuus gehoor dat 'n belangrike internasionale branderplank-kompetisie aan die gang was, maar dat niks gebeur nie, omdat daar nie branders was nie.
Die bekendste Suid-Afrikaanse en internasionale sterre was reeds hier en almal het geduldig gewag.
Maandagoggend was die branders daar - en almal gereed om of deel te neem, of entoesiastiese toeskouers te wees. Maandagmiddag was die weersomstandighede al weer nie reg nie. Die partytjies het hervat. Die geduldige gewag op die regte branders het weer begin.
Dinsdag was elke omstandigheid perfek vir die kampioenskappe. Vir die eerste keer in my lewe het ek 'n branderplank byeenkoms gaan bywoon en gou verstaan waarom hierdie mense so goed daarmee is, om geduldig te wag. Selfs in die see, besig om te kompeteer, was die vermoë om te wag belangrik. As jy die eerste en beste brander probeer ry, het jy klaar verloor. Deel van die kuns is om seker te maak dat jy wag vir die beste brander wat jou sal kan help om te wen.
Die mense het nie fokus, ywer of ambisie verloor deur te wag nie!
Hierdie "surfers" laat nie toe dat hulle konsentrasie deur minder goeie omstandighede verbreek word nie.
"Surfers" is mense wat vasberade daaroor is om hulle eie geleenthede te skep deur geduldig te wees.

Christene is egter berug daarvoor dat hulle baie ongeduldig kan wees. Hulle wil dikwels dadelik 'n perfekte antwoord op 'n skietgebed hê. Hulle verwyt God as hulle moet wag. Baie verloor fokus, belangstelling en motivering as die wind wat hulle geloofsbootjie moet aandryf, te lank wegbly en stormweer inmeng met hulle planne en ideale. Ons Christene kan baie by die branderplank-gemeenskap leer.

Jesus, anders as ons, het baie tyd spandeer om op sy Vader te wag. Hy het dikwels onttrek om antwoorde, krag, en seker geduld ook, van sy Vader te ontvang. Daarom het Jesus tyd gemaak om te bid. In Matteus 14:22 lees ons: *"Jesus het die skare weggestuur."*

Hierdie was 'n besondere skare. Dit was omtrent 10,000 mense wat Jesus hoor preek het, sy wonderwerke gesien het en pas wonderbaarlik almal deur Hom gevoed is. Hierdie was 'n skare wat gereed was om Jesus 'n koning te maak. Nogtans stuur Hy hulle weg. Waarom? Ons lees in vers 23: " *nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid*."

Jesus het nee gesê vir 'n opgewonde, entoesiastiese skare, 'n uitnemende geleentheid vir sy bediening, sodat Hy "JA," kon sê vir 'n nog meer sonderlinge geleentheid. Dit was 'n bewustelike, doelbewuste keuse om die prioriteite van sy Vader te beklemtoon, want Jesus se hoogste prioriteit was nie om sy talle bewonderaars te plesier nie, maar om getrou op sy Vader te wag totdat "sy uur gekom het", soos Hy so dikwels verklaar het.

By 'n ander geleentheid het Jesus gesê: *"Salig is die sagmoediges*". Die woord "sagmoedig" wat die Bybel gebruik, is die dieselfde woord om 'n wilde perdehings te beskryf wat ingebreek is. Dit verwys na krag wat onder beheer is, krag waaraan rigting gegee kan word, krag wat gereed is om vir 'n spesifieke doel gebruik te word en krag wat met dissipline, gefokus aangewend word. Mens kan hierdie gesegde van Jesus ook so stel: *"Gelukkig is hulle wat gefokus is, wat hulle prioriteite ken en eer en wat wag dat God se winde van verandering moet waai en wat wag vir die regte brander om te kom."*

Jesus het gewoonlik die skares met toewyding bedien. Maar Hy het hulle ook huis toe gestuur as Hy iets belangriker gehad het om te doen, soos om persoonlike tyd met sy Vader deur te bring en om te wag op sy Vader se volmaakte tydsberekening.

Wanneer die regte, Godgegewe brander kom, moet ons gereed en in staat wees om dit te "surf".
Sal ons, al wag ons lank, kalm en vasberade wees wanneer God se tyd aanbreek om sy wil en plan met ons lewens te laat aanbreek??
Het ons die geduld en dissipline om op die Here te wag?

Vader, laat U wil geskied. Amen.